# DIE MENS EN SY OMGEWING — LANDBOUKUNDIG GESIEN

P.J. LE ROUX

ADMINISTRASIE VIR BLANKES, DIREKTORAAT LANDBOU
Privaatsak 13186, Windhoek, 9000

Landbouhulpbronne en trouens alle ander natuurlike hulpbronne is wêreldwyd onder druk en berigte van die versteurende effek van die mens op die omgewing is aan die orde van die dag. Dit wil voorkom asof die opdrag van die Skepper om oor die natuur te heers, te vermeerder, en die aarde te vul (Gen. 1:28), sodanig vertolk word dat dit 'n wedloop geword het om te kyk hoe vinnig en hoe doeltreffend die omgewing en sy lewegewende hulpbronne vernietig kan word.

Na eeue van welvaart, van soeke na nuwe wêrelde en nuwe tegnologieë het die mensdom nou 'n tydsvak bereik waar selfs sy kundigheid en finansiële vermoëns nie meer tred hou met die steeds toenemende mensgetalle nie. In baie kringe word die sg. "zero growth" teorie gehuldig en word absolute geboortebeperking as die enigste metode om die mensdom van uitwissing te red, gesien.

Literatuur wêreldwyd raak steeds meer uitgesproke oor die onderwerp en dui op die waarskynlikheid dat die huidige beskawing die energie en ander hulpbronne teen so 'n tempo uitput dat die vorm waarin ons dit ken en beleef in gevaar staan om selfdestruktief te raak en tot uitwissing gedoem is. Wiskundige modelle teneinde die situasie te evalueer staan op die volgend 4 pilare:

1. onvoldoende voedsel vir die steeds toenemende wêreldbevolking;
2. toenemende besoedeling;
3. uitputting van nie-regenererende hulpbronne (minerale, energie ens) en
4. aanleidend tot al hierdie onheile die onbeheerse bevolkingsaanwas.

Aangesien ruimte ontbreek om aan al hierdie fasette aandag te gee, word in hierdie artikel slegs op die mens, sy getalle en die effek op veral die landbou-omgewing gekonsentreer.

### Die mens en sy getalle

Die opdrag van die Skepper om te vermeerder en die aarde te vul - moet dit letterlik vertolk word - wanneer is die opdrag uitgevoer? Die mens as deel van die ekosisteem en die enigste skakel in die ekologiese ketting wat kan dink en beplan - waarom kyk hy nie 'n slag na homself nie? Waarom word die foute en oplossings daarvoor nie voor eie deur gesoek nie? **Het dit nie tyd geword dat in 'n globale beplanning daar ook perke gestel word aan die getal mense wat in harmonie met die beskikbare hulpbronne kan leef nie?**

Feit van die saak is dat die ekosisteem, veral in die derde wêreld astware met 'n "mensplaag" te doen het en die gevolge daarvan is niks minder skrikwekkend as dié van 'n swerm sprinkane wat oor 'n groen koringland beweeg het nie.

Projeksies van die moontlike tydsverloop totdat daar letterlik net staanplek vir mense op die Aarde is, bereken teen 4 mense per vierkante meter, is die jare 3186, 2584 en 2283 teen 'n aanwas van 1 , 2 en 4 persent onderskeidelik. In terme van die geskiedenis van menslike bewoning van die Aarde is hierdie datums net om die draai. Statistiek vertel die verhaal van die "menseplaag" in Afrika. 1950 bevolking van 221 miljoen styg na 484 miljoen in 1982 en word geprojekteer na 853 miljoen teen die jaar 2000. Life Magazing (1982) som dit as volg op. "They are crowded in on top of one another, still reproducing at the rate of 4 % per annum - the highest birthrate in the world."

### Gevolge van oorbevolking

Na raming verwoestyn Afrika teen 'n tempo van 30 km² per dag en het die Sahara woestyn die afgelope 50 jaar met 65 miljoen ha vergroot. Die gevolge daarvan is dat 85 miljoen mense in Afrika in 'n semi permanente staat van hongersnood verkeer.

Die reënwoude van Sentraal Afrika waar slegs in die Ivoorkus die afgelope dekades 15 miljoen ha woude na 1,5 miljoen ha verminder het en steeds teen 'n tempo van 300 000 ha per jaar uitgeroei word, is 'n sprekende voorbeeld van die agteruitgang. Die effek daarvan op die mikro en makro klimaat is verder kommerwekkend. Die bekende sir Harry Secombe sê van Afrika se bevolkingsprobleem "Africa's problem is not an animal problem. People should stop thinking about ways and means to save wild animals. What we need are ways to reduce the human population drastically."

Dit word soms gesê dat die versteurende effek van die mens op die ekologie en die gevaar van oorbevolding oordrewe is en dat daar genoeg kos op land en uit die see wêreld wyd geproduseer kan word om enige aanwas te kan voed. Die werklike situasie is dat met die "groenrevolusie" van die sestigerjare waar moderne tegnologie ingespan is om kos te produseer teneinde die wêreld instaat te stel om sy bevolkingsaanwas onder beheer te kry, dit slegs gedeeltelik suksesvol was. Wêreldproduksie van voedsel het wel tot 1980 gestyg maar ten koste van grondagteruigang, verbrakking as gevolg van intensiewe besproeiing, hoogsproduserende monokulture van gewasse wat meer vatbaar vir peste en plae geraak het, verlaagde watertafels, erosie en vele ander probleme.

Na raming het meer as 400 tipes van peste en plae weerstand opgebou teen tradisionele chemiese doders. Die gevolge hiervan - dalende produksie, stygende koste en hongersnood! Daar is huidig bykans 20 miljoen **meer** ondervoede kinders wêreldwyd dan 10 jaar gelede. Minstens 430 miljoen mense is onderhewig aan wanvoeding. Die skrywer Paul Ehrlich, ietwat oordrewe, in sy boek "The population bomb" stel dit soos volg "while you are reading these words four people will have died of starvation, most of them children."

Die V.S.A. Departement Landbou het aangekondig dat die 1988 graanoes 31% kleiner as die 1987 een was. Dit wil voorkom asof wêreldreserwes teen die lente van 1989 bykans 76 miljoen metrieke ton minder as die van die vorige jaar sal wees. Die vraag ontstaan of the humane beleid van gratis voedselvoorsiening en verskaffing van mediese dienste aan ontwikkelende lande ongeag hulle bevolkingsaanwas, nie die ekologie verder versteur nie?

Die tragedie van Afrika wat ook in Suid-Afrika duidelik sigbaar is, is hierdie land nog grootliks gespaar. Toestande in dele van Ovambo waar daar nie meer voëls of selfs insekte is nie is egter die spreekwoordelike skrif aan die muur. Dit is dus lewensnoodsaaklik dat die huidige geslag nou moet begin beplan teneinde bevolkingsdruk te verlig.

**Vir die doel is 'n nasionale bevolkingsontwikkelingsplan vir SWA/Namibië met die hoofdoel om 'n ewewig tussen bestaansbronne en bevolkingsgetalle te verseker, 'n absolute prioriteit.**